

# Drankoffer

{Theo Potgieter}

Lev 23: 37

Dit is die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige vierdae om aan die HERE ‘n vuuroffer te bring: ‘n brandoffer en spysoffer, ‘n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskrywe;

- Heilig



**Num 15**

Daarna het die HERE met Moses gespreek en
gesê: 2 Spreek met die kinders van Israel en sê
vir hulle: As julle in die land van julle inwoning
kom wat Ek aan julle gee, 3 en julle ‘n
vuuroffer aan die HERE wil berei, ‘n brandoffer
of slagoffer—deur ‘n besondere gelofte te
volbring of as vrywillige offer of by julle
feestye—om vir die HERE ‘n lieflike geur van
beeste of van kleinvee te berei,

- Ex 12 –Exodus
- Ex 19 – In Sinai
- Ex 20 – Herbou Tabernakel
- Num 10 – Vertrek
- Slegs in beloofde land
- God wag tot Sy mense land intree
- Wyn = sabbat aktiwiteit, teken van rus en feesviering

Heb 3-4

11……..Hulle sal in my rus nie ingaan nie.
17 ……. wie se lyke in die woestyn geval het
nie?
4: Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou
Hy nie van ‘n ander dag daarná spreek nie. 9
Daar bly dus ‘n sabbatsrus oor vir die volk van
God; 10 want wie in Sy rus ingegaan het, rus
ook self van sy werke soos God van Syne.

14 Terwyl ons dan ‘n groot Hoëpriester het wat deur
die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun
van God, laat ons die belydenis vashou. 15 Want ons
het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede
medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte
versoek is net soos ons, maar sonder sonde. 16 Laat
ons dan met vrymoedigheid na die troon van die
genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en
genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

- In OT God wag vir feesviering en rus (beloofde land)
- In NT, Jesus word slagoffer, simpatiseer met ons

Lev 23:10

10 Spreek met die kinders van Israel en
sê aan hulle: As julle in die land kom wat
Ek julle gee en sy opbrings oes, moet
julle die eerstelingsgerf van julle oes na
die priester bring.

- Belofte van oorwinning en rus
- God weerhou van die drankoffer terwyl Sy mense in die woestyn is
- In OT net God wat deelneem aan drankoffer. Die offerhande word uitgestort. Israel uitgesluit uit volle deelname
- In NT, Christus, het Sabbatrus binne getree. Ons het volle deelname

- Teken van heerskappye.



Fil 2:17

Maar al word ek as ‘n drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof, verbly ek my, ja, verbly ek my saam met julle almal;

Rom 12

1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die
ontferminge van God, dat julle jul liggame stel
as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige
offer dit is julle redelike godsdiens. 2 En word
nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar
word verander deur die vernuwing van julle
gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie
en welgevallige en volmaakte wil van God is.